# HOOFSTUK 12

## *VEREENIGING SE KULTURELE-ONTWIKKELING: SOSIO-MAATSKAPLIKE SORG*

### 12.1 INLEIDING

Die ekonomiese omstandighede het 'n belangrike invloed op die ontwikkeling en vorming van die gemeenskap van Vereeniging gehad.[1] Maatskaplike sorg is 'n noodsaaklike diens wat help verseker dat 'n gemeenskap kerngesond kan funksioneer. Die aard en omvang van maatskaplike sorg wat aan die gemeenskap van Vereeniging gelewer is, word in hierdie hoofstuk beskryf. Hierdie hoofstuk bied egter as gevolg van gebrekkige inligting, nie 'n volledige weergawe van alle sosio-maatskaplike dienste wat gelewer is nie.

Die behoefte aan maatskaplike sorg in Vereeniging het breedweg in die volgende drie ontwikkelingsfases na vore getree:

- Die eerste fase het tydens die beslaggewingsfase van Vereeniging plaasgevind.[2] Gedurende hierdie tydperk het Vereeniging se gemeenskap vanaf 'n landbou- en mynbou- na 'n nywerheidskultuur ontwikkel. Dit is ook die industrialiseringsproses genoem.[3] Gedurende hierdie fase het die oorheersende ekonomiese bedryf, naamlik die staalbedryf, 'n nywerheidskultuur in Vereeniging tot gevolg gehad.[4] Hierdie nywerheidskultuur het veroorsaak dat verskillende bevolkingsgroepe met 'n ryke kultuurverskeidenheid in Vereeniging gevestig is. Die rede hiervoor is dat nywerheidswerkers, geskool en halfgeskool, van oor die hele land en selfs van oorsee na Vereeniging gelok is.[5] Dit was mense met verskillende kultuuragtergronde wat op verskillende vlakke van ekonomiese-ontwikkeling verkeer het.[6]

---

1 Vgl. C.H. Boshoff, ***Die streeksinkome van die Vaalrivieropvanggebied volgens landdrosdistriksbasis*** ..., pp.1-155; P.W. Stoker & C.J. Taljaard (samestellers), ***'n Nywerheidsperspektief*** ..., pp.160-167; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 2 May 1969: report.

2 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 27 November 1981: report.

3 I.J. Botha, ***'n Ekonometriese model vir die PWV-gebied***, pp.1-78.

4 F.P. Jacobsz, "Suid-Afrika se staalbedryf in oënskou: groot konsentrasie van nywerhede ...," pp.17-21.

5 Anon., "How immigration can develop industry: South Africa a non-starter compared with Australia and other winners" ***South African Industry and Trade***, vol. 53, no. 6, June 1957, pp.42-45; ***Vereeniging News***, 19 October 1945: report.

6 Anon., "Die Vaaldriehoek", pp.14-21.

- Die volgende fase het na afloop van die Tweede Wêreldoorlog ontwikkel. Gedurende hierdie na-oorlogse fase is die industrialiseringsproses in Vereeniging voltrek.[7] Duisende nuwe werkers is in die nywerhede gebring en die aandag van buitelandse nyweraars is op die ontwikkelingsmoontlikhede in Suid-Afrika gevestig.[8] Gedurende hierdie fase het die vooruitstrewende ekonomiese-ontwikkeling 'n groot bydrae gemaak om die meeste mense in staat te stel om hul lewenstandaard en gevolglik hul kultuurvlak te verhoog. Hierdie voorspoed het by sommige mense 'n negatiewe invloed op hul gees en karakter gehad.

- Gedurende die derde fase, naamlik die tagtigerjare, het die nywerheidsontwikkeling deur 'n periode van stagnasie, agteruitgang, ongekende verandering en aanpassing gegaan.[9] Hierdie fase het ook die aanverwante nywerhede en handelsondernemings geraak.[10] Gedurende hierdie fase het die politieke proses 'n belangrike rol in die kultuursituasie van Vereeniging gespeel.[11] Die lewenstyl van die gemeenskap van Vereeniging is noodwendig deur hierdie omstandighede geraak. Heelwat mense het gepoog om by die nuwe omstandighede aan te pas.[12] Ander het verandering probeer vermy.[13] Baie mense het in hierdie kultuursituasie maatskaplike sorg nodig gehad en in hierdie opsig is daar gevind dat veral gesondheidsdienste, welsynsorganisasies en kerke 'n groot taak gehad het om uit te voer.

Gedurende elkeen van hierdie bogenoemde fases het daar dus 'n groot behoefte vir maatskaplike sorg in Vereeniging bestaan.[14] Verskillende instansies, organisasies en persone het 'n belangrike rol in die ontwikkeling van maatskaplike sorg in Vereeniging gespeel. Vir die doel van hierdie hoofstuk word dit onder Gesondheids-, Welsyns- en Geestesgesondheidsdienste verdeel.

---

7 A.J.G. Oosthuizen, ***'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal*** ..., p.134.

8 H.J. van Eck, "Nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika", pp.102-114.

9 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 27 October 1967: report; A. Nieuwoudt, ***Die Vaaldriehoek as verspreide*** ..., pp.160-166.

10 Vgl. Suid-Afrika Stigting, ***Beknopte feitebron*** ..., pp.43,44.

11 C.V. Mutwa, ***Let not my country die***, p.194.

12 P.W. Stoker & C.J. Taljaard (samestellers), ***'n Nywerheidsperspektief*** ..., pp.1-20.

13 R. Tomlinson & M. Addleson, ***Regional restructuring under apartheid*** ..., p.301.

14 ***Vereeniging News***, 19 October 1945: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 15 July 1966: report.

## 12.2 GESONDHEIDSDIENSTE

Die gesondheidsdienste wat hier beskryf word sluit openbare gesondheid en algemene mediese dienste in. Gesondheidsdienste was veral belangrik omdat die kultuurvlak van die mens in 'n groot mate ook deur sy gesondheid beïnvloed word.[15]

Dorpsbeplanners het byvoorbeeld mettertyd besef dat daar teen die onoordeelkundige plasing van nywerhede in die dorpsgebiede gewaak moes word. Nywerhede was nie altyd op die voordeligste of beste ekonomiese plekke geleë nie en hierdie plasing het gesondheidsgevare vir die gemeenskap ingehou. Vanuit 'n suiwer sosiale standpunt beskou, is daar aangevoer dat nywerheidsentra die verderflike krotbuurte met swak gesondheidstoestande meegebring het. Daar is ook geargumenteer dat die nywerheidsgebiede die bevolking liggaamlik en geestelik ondermyn het. Daar is verder geglo dat die konsentrasie van mense in nywerheidsgebiede uniformiteit by die bevolking gekweek het, ondernemingsgees en skeppingstalente onderdruk het en gesonde gesinslewe vernietig het. Die gevolg was dat daar gevrees is dat die gemeenskapslewe in nywerheidsgebiede vernietig kon word.[16]

Ten einde hierdie omstandighede die hoof te bied is daar maatreëls ingestel en organisasies en instansies gestig om die gesondheidsvlak van die gemeenskap te verbeter.[17]

Reeds gedurende 1902 is 'n Gesondheidsraad byvoorbeeld in die lewe geroep om beheer oor die dorp se gesondheidsdienste oor te neem.[18] Hierdie Gesondheidsraad het 'n diens van onskatbare waarde aan die gemeenskap van Vereeniging gelewer.[19] Die rede hiervoor was dat daar gedurende die vestigingsjare in Vereeniging 'n groot gebrek aan openbare gesondheidsdienste ondervind is.[20] In die jare wat die Tweede Vryheidsoorlog voorafgegaan het was die algemene gesondheid van die inwoners swak.[21]

---

15 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 23 July 1965: report.

16 Vgl. A.J. Visser, *Die ontwikkeling en konsentrasie van die fabrieksnywerheid* ..., p.2.

17 *Vereeniging News*, 16 November 1945: report.

18 Anon., *Dagboek van Britse immigrant*, p.123; vgl. ook *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 6 June 1975: report.

19 Kyk hoofstuk 6, pp.140 e.vv.

20 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 27 October 1967: report.

21 *Vereeniging News*, 4 September 1943: report; *Vereeniging News*, 10 November 1939: report.

Die effek wat hierdie gebrek op die algemene gesondheid van die inwoners gehad het was drasties.[22] Maagkoors was endemies, want die gesindheid teenoor sanitasie was een van algehele onverskilligheid.[23] Die munisipaliteit het aandag aan hierdie saak gegee en 'n oplossing was om die nagvullis met 'n ysterwa, wat deur osse getrek is, te verwyder.[24] Die gesondheidsomstandighede was egter nog swak en in een stadium het nie minder nie as die helfte van die inwoners aan ingewandskoors gely. Die destydse geneesheer dr. Chapman het pamflette uitgestuur om die mense oor sekere gesondheidsvoorskrifte in te lig. Hy het byvoorbeeld by die mense aangedring om hul drinkwater te kook.[25]

In Oktober 1918 het die wêreldwye Spaanse griepepidemie die dorp getref en is honderde van die dorpsinwoners deur hierdie siekte platgetrek. Die omliggende gebiede het ook nie vrygespring nie en toe die epidemie op sy ergste was, het daar daagliks ses tot sewe inwoners aan hierdie siekte gesterf.[26]

Ten tye van hierdie epidemies was die enigste hospitaal in Vereeniging 'n saamgeflanste klompie hout- en sinkgeboutjies op die perseel van die Vereeniging Brick & Tile Company. Dit was geboue wat nog deur lord Kitchener tydens die vredesonderhandelinge gebruik is.[27] Mense wat dit kon bekostig het is in Johannesburgse hospitale vir operasies of ernstige siektes behandel.[28]

Die verskaffing van mediese dienste aan die gemeenskap is deur die instelling van die volgende hulpdienste vergemaklik. Die vroedvrou was gedurende die twintigerjare een van die belangrikste persone in Vereeniging. Sy het in die afwesigheid van toereikende hospitaalfasiliteite meestal die vrouens tydens bevallings tuis versorg.[29]

Die Galen Chambers is gedurende die twintigerjare gebou waarin die plaaslike dokters gehuisves was. Gedurende die twintigerjare het daar slegs drie dokters in Vereeniging

---

22 ***Vereeniging News***, 16 November 1945: report; ***Vereeniging News***, 25 September 1948: report.

23 Vgl. ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 27 October 1967: report.

24 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.27; ***Vereeniging News***, 16 November 1945: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 27 October 1967: report.

25 Vgl. ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 27 October 1967: report.

26 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 27 October 1967: report.

27 C.K. Steyn, Onderhoud, 7 Januarie 1992, {stadsklerk van Vereeniging}.

28 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.114.

29 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.20.

gepraktiseer.[30] Dr. Chapman was vir verskeie jare Vereeniging se mediese beampte. Hy was terselfdertyd ook die superintendent van die Brick & Tile hospitaal en het as USKO se offisiële dokter opgetree. Gedurende hierdie jare moes die dokters ook nog as tandartse opgetree het.[31] Gedurende die Tweede Wêreldoorlog moes verskeie van Vereeniging se dokters ook in die militêre hospitale gaan werk het.

Die eerste apteek was die van Mr McRobb. Die eerste X-straaleenheid in die dorp is gedurende die dertigerjare deur dr. Gold in Railwaystraat bedryf.[32]

Hospitaalfasiliteite het sy ontstaan tydens die Anglo-Boereoorlog gehad. Daar is 'n aansienlike militêre kamp vir soldaatpasiënte by Vereeniging opgerig. Hierdie hospitaal het egter na die oorlog in onbruik geraak.[33] Die eerste hospitaal wat daarna opgerig is, is deur die nywerhede vir hul werkers bedryf. Vereeniging Estates het byvoorbeeld 'n hospitaal vir blanke en swart mense gehad en USKO het 'n hospitaal vir swart mense bedryf. Gedurende 1925 is 'n tydelike afsonderingshospitaal noord van die middedorp opgerig.[34]

'n Hospitaalkomitee is vir die dorp gestig met die doel om 'n hospitaal vir die dorp op te rig. 'n Afvaardiging van hierdie komitee is na die Administrateur gestuur en hy het 'n subsidie op die pond-vir-pond basis belowe om 'n hospitaal in die dorp op te rig. Die plaaslike gemeenskap was dus verantwoordelik om die helfte van die geld, wat vir die oprigting van die hospitaal benodig is, in te samel. Dit sou egter 'n geruime tyd duur voor die hospitaal opgerig kon word.

'n Plaaslike openbare hospitaal is aan die westekant van die dorp in Krugerlaan opgerig. Hierdie hospitaalgebou is in 1934 teen 'n koste van £18,000 voltooi.[35] Tabel no. 12.1 toon die getal pasiënte wat byvoorbeeld in die tydperk 1936-1962 gehospitaliseer is.[36]

---

30 Anon., ***The 'United' Transvaal directory, 1920***, p.1689.

31 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.87.

32 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.120.

33 T.N. Leslie, ***Dairy***, p.56.

34 A.J.G. Oosthuizen, ***'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal ...***, p.126.

35 Vgl. Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om ...***, p.173.

36 A.J.G. Oosthuizen, ***'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal ...***, p.128.

**Tabel no. 12.1:** **Blanke pasiënte in Vereeniging gedurende die tydperk 1936-1962**

| JAAR | VEREENIGING |
|---|---|
| 1936 | 607 |
| 1951 | 5 200 |
| 1958 | 7 112 |
| 1961-1962 | 7 445 [37] |

Nadat die eerste hospitaal in Vereeniging gebou is het 'n paar van die plaaslike meisies verpleging as 'n beroep betree.

Distriksverpleging in Vereeniging het 'n belangrike deel van die gesondheidsorg van die gemeenskap behels. Die distriksverpleegster het byvoorbeeld gedurende 1943 sowat 7 988 myl gereis om gesondheidsdienste te lewer. Dit het egter duidelik geword dat daar in 'n toenemende mate fasiliteite verskaf moes word.[38] Die 1944-verslag van die Voorsitter van die distriksverpleegsters, wat oor die werksaamhede van 1942 en 1943 gehandel het, toon die aard en omvang van hierdie diens aan. Die getal en tipe diens wat gelewer is, word in tabel no. 12.2 vermeld:

**Tabel no. 12.2:** **Die omvang van die distriksverpleegsters se werksaamhede gedurende 1942-1943**

| Taak | 1942 | 1943 |
|---|---|---|
| Voorgeboortelike besoeke | 80 | 320 |
| Nageboortelike besoeke | 176 | 314 |
| Geboortes | 28 | 51 |
| Tuisbesoeke | 1 100 | 1 196 |
| Gevalle behandel | 1 100 | 1 230 |
| Algemene gevalle behandel | 208 | 158 |
| Kliniek besoeke | | |
| Evaton | 193 | 298 |
| Riversdale | 348 | 326 |
| Daleside | | 25 |
| Aantal myle afgelê | 7 988 | 10 797 [39] |

Gedurende 1942 is daar ook 'n voltydse distriksgeneesheer vir Vereenigingdistrik asook 'n voltydse gesondheidsinspekteur aangestel. Die stap het gevolg nadat verspreide gevalle van

37 Vereeniging Hospitaalraad, Jaarverslae, 1936-1962; A.J.G. Oosthuizen, ***'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal*** ..., p.128.

38 SAB, Pretoria, VWN, band 2875, lêer SWP 8/627: Vereeniging Kindersorg jaarverslag, 1943.

39 *Vereeniging News*, 24 April 1944: report.

pokke in die distrik uitgebreek het.[40] In Februarie 1942 het die stadsraad ook 'n tweede ambulans bygekry.[41]

Die verhoging van die dorp se openbare gesondheidstoestand het gedurende 1943 'n hupstoot gekry nadat die stadsraad die eerste rioleringsingenieur aangestel het. Met sy aanstelling het hy met die beplanning van die snel groeiende dorp se rioolstelsel begin. Sedert 1950 voer elf pompstasies die dorp se riool na die rioolaanleg wat by Leeuwkuil in werking gestel is.[42]

Die South African Woman's Auxiliary Service was 'n groep wat onder andere vir welsynsdienste gedurende die Tweede Wêreldoorlog gesorg het. Hulle het ook op plaaslike vlak die eerstehulp, tuisverpleging en fiksheidsklasse gehanteer.[43]

Die Suid-Afrikaanse Bloedskenkingsvereniging het 'n diens van onskatbare waarde aan die gemeenskap van Vereeniging gelewer. Die bloedbank het egter deur die jare 'n konstante tekort aan een of ander bloedsoort gehad.[44]

Na die Tweede Wêreldoorlog is daar 'n toenemende behoefte vir gesondheidsdienste in Vereeniging ondervind, omdat daar faktore was wat die gesondheidsvlak van die mense nadelig beïnvloed het.[45] Heelwat maatreëls is ingestel om die gesondheidsvlak in Vereeniging te verhoog.

Die toename in die bevolking het 'n toename van dokters in Vereeniging tot gevolg gehad.[46] Hierdie vergrote bevolking (wat as gevolg van geboortes en verstedeliking ontstaan het) het ook veroorsaak dat daar meer mediese- en gesondheidsdienste voorsien moes word.

Die mediese hulpskema wat deur die plaaslike Magistraatskantoor hanteer is, is ook gedurende Oktober 1948 deur die Departement van Gesondheid oorgeneem. Gedurende 1948 is byvoorbeeld 19 aansoeke ontvang. Dit het 17 blanke en twee aansoeke van swart

---

40 *Vereeniging Recorder*, 8 July 1942: report.

41 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 19 January 1962: report.

42 *Vereeniging News*, 16 November 1954: report.

43 Anon., *Dagboek van Britse immigrant*, p.117.

44 *Vereeniging Recorder*, 13 July 1939: report; *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 7 January 1972: report; *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 7 May 1982: report.

45 H.F. Schroeder, *Huidige probleme van die onderwys en opvoeding ...*, p.29.

46 Anon., *Dagboek van Britse immigrant*, p.119.

mense ingesluit. Die meeste van die aansoeke is deur die Departement van Gesondheid goedgekeur.[47]

Gedurende 1960 het Vereeniging se mediese gesondheidsbeampte, dr. H. Bernstein, vermeld dat die blankes se geboortesyfer as 'n persentasie van die totale geboortesyfer, van 30,53% in 1958 na 28,52% in 1959 en 28,91% in 1960 gewissel het.[48]

Verskeie organisasies was direk of indirek by die gesondheidsdienste van die gemeenskap van Vereeniging betrokke.[49] Die volgende organisasies se werksaamhede het 'n invloed op die gesondheid van die gemeenskap gehad:

- Die distrik se verpleegstersdienste is vanaf die vyftigerjare finansieel deur die Kindersorg gesteun. Die pligte en doelstellings van die diens was om tuisverpleging te verskaf aan diegene wat nie 'n privaatverpleegster kon bekostig nie. Terwyl die verpleegster in die huise werksaam was kon sy ook inligting oor persoonlike higiëne, dieet en behandeling van siek pasiënte aan naasbestaandes verskaf.
- Die Rooikruisvereniging.
- Die Suid-Afrikaanse Noodhulpliga (SANL).
- Die Kankervereniging.
- Suid-Afrikaanse Nasionale Tuberkulosevereniging (SANTV).[50]

Hierdie organisasies het gepoog om die gesondheid van die inwoners van Vereeniging op 'n hoë vlak te hou.[51] Behalwe die vele dienste wat direk verskaf is om in tye van nood te help, is hul werksaamhede ook deur 'n breër gemeenskapsgesondheidsbewussyn gekenmerk.[52]

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Tuberkulosevereniging het byvoorbeeld gedurende 1966 ongeveer 289 tuberkulose gevalle onder swart mense gediagnoseer.[53]

---

47 SAB, Pretoria, VWN, band 649, lêer SW 95/4/2-45: Volkswelsyn jaarverslag, 1948/49.

48 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 19 January 1962: report.

49 A. Nieuwoudt, ***Die Vaaldriehoek as verspreide*** ..., p.270.

50 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 1 July 1966: report.

51 Vgl. Suid-Afrikaanse Noodhulpliga (SANL), Vereeniging, Notules en jaarverslae, 1954-1991.

52 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 19 October 1956: report.

53 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 1 July 1966: report.

Die Rooikruisvereniging het byvoorbeeld vanaf 1947 aan swart kinders voeding verskaf. Hierdie vereniging het geen rassediskriminasie toegepas nie en aan alle bevolkingsgroepe hulp verleen. Gedurende 1954 het die Rooikruis met kliniekdienste in swart woonbuurte begin. Terselfdertyd is daar gepoog om 'n ambulansdiens te verskaf. Daar is ook gedurende 1953 met samesprekings vir die oprigting van 'n kleuterskool begin.[54] Die Rooikruisvereniging het ook eerstehulpklasse aan leerlinge van die verskillende skole aangebied.[55] Die Rooikruisvereniging het ook verskillende komitees gehad wat dienste aan die publiek van Vereeniging verskaf het.[56] Komitees soos die Medical Loan Depot het die nodige mediese toerusting aan persone wat deur dokters, matrones van hospitale, die Kreupelsorg of ander verantwoordelike liggame aanbeveel is, verskaf. Die Road Dressing Stations was noodhulpdiensstasies van die Rooikruisvereniging wat langs paaie moes diens doen, en op plekke waar moontlike ongelukke kon plaasvind.[57]

'n Tak van die Suid-Afrikaanse Noodhulpliga is op 23 Februarie 1953 in Vereeniging gestig. Die leuse van hierdie liga is: "In diens van die medemens". In die lig van hierdie leuse het die Noodhulpliga gevind dat die versorging van beseerdes in die daaglikse lewenssituasie 'n noodsaaklikheid geword het.[58]

Die grondwet van die Noodhulpliga maak vir die volgende dienste voorsiening:

- Om naasteliefde te bewys deur die medemens op enige gebied rakende gesondheid te dien.

- Om 'n gees van opoffering in diens van die medemens oral en te alle tye, binne sowel as buite die vereniging aan te moedig.

- Om elke inwoner van die land se gesondheid te bevorder deur die verspreiding van kennis.

---

54 ***Vereeniging News***, 14 December 1945: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 3 January 1969: report.

55 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 13 July 1962: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 25 August 1967: report.

56 ***Vereeniging News***, 26 July 1940: report; ***Vereeniging News***, 18 September 1948: report.

57 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 28 May 1965: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 25 August 1967: report; Suid-Afrikaanse Rooikruisvereniging (Suid-Transvaal streek), Notules en jaarverslae, 1949-1959.

58 ***Vereeniging News***, 20 February 1953: report.

- Om kursusse ook gereeld aan te bied.[59]

Heelwat ander instansies, groepe en organisasies het ook 'n bydrae tot die gesondheid van die gemeenskap gedurende hierdie jare gelewer. Anglo American Corporation het self heelwat gedoen vir die voorkoming van siektes onder sy werknemers. Hulle het byvoorbeeld gedurende 1956 verskeie gesondheidsklinieke vir hul werkers opgerig.[60]

Hierdie bogenoemde naastediens van die verskillende organisasies het 'n groot bydrae tot die gesondheid van die publiek van Vereeniging gelewer.[61]

Dit het tog voorgekom of hospitalisasie steeds 'n probleem gebly het aangesien daar steeds nie in die behoefte van voldoende beddens voorsien kon word nie. Reeds gedurende 1956 het die Mediese Komitee van Vereeniging voorgestel dat daar ook van tente vir pasiënte gebruik gemaak moes word, aangesien daar op daardie stadium nie genoeg beddens in die hospitaal beskikbaar was nie.[62]

Hierdie tekort aan beddens om al die pasiënte te akkommodeer het tot aan die einde van 1965 geduur. Teen November 1965 is die nuwe hospitaal, wat vir R2,5 miljoen opgerig is en 308 pasiënte kon huisves, stelselmatig betrek. Gedurende Januarie 1966 was agt van die tien sale van hierdie sesverdieping gebou reeds vir die publiek oopgestel. Hierdie nuwe hospitaal is op die grens van die Duncanville en Unitas Park dorpsgebiede geleë en het onder die bestuur van dr. C.P.M. Neethling as superintendent gestaan. Die tekort aan beddens in die ou hospitaal se afdeling waar die swart mense gehospitaliseer is, het egter na die ontruiming van die blanke afdeling bly voortbestaan.[63] Die nuwe hospitaal is op 26 Oktober 1965 deur mnr. S.G.J. van Niekerk, die administrateur van Transvaal, geopen.[64]

Gedurende die sewentigerjare het lugbesoedeling 'n groot bron tot bekommernis geword. In die algemeen het besoedeling in die land tot sorgwekkende hoogtes gestyg. In Vereeniginggebied is daar gepoog om rookvrye gebiede te verkry. Wetgewing is ingestel om

---

59 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 12 February 1965: report.

60 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 24 August 1956: report.

61 Anon., *Dagboek van Britse immigrant*, p.117.

62 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 5 October 1956: report.

63 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 7 January 1966: report; *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 14 January 1966: report.

64 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 21 October 1966: report.

die situasie te verbeter en om die gesondheid van die gemeenskap te verhoog.[65] Lugbesoedelingsbeheer op woonhuise en nywerhede word tans verskerp.[66]

Gedurende die tagtigerjare is gesondheidsdienste in Vereeniging op 'n hoë vlak deur die munisipale gesondheidsdienste, die hospitaal, klinieke en professionele dienste gelewer.[67] Vereeniging beskik tans oor die dienste van nagenoeg 30 spesialiste, 31 algemene praktisyns en 17 tandartse wat in Vereeniging praktiseer. Hierdie medici kan hul professionele diens deur middel van die volgende fasiliteite aan die gemeenskap beskikbaar stel:

- Die Vereeniging hospitaal wat ook 'n opleidingshospitaal vir verpleegsters is.
- Die Mediese Navorsingsinstituut. Dit is in die Vereeniging hospitaal geleë, en tandheelkundige dienste word ook verskaf.
- 'n Privaat hospitaal, Medi City, is in Joubertstraat in Vereeniging opgerig.[68]
- Marklaankliniek is in die sentrale gebied van Vereeniging opgerig.
- Benewens die verskillende klinieke is daar ook 'n tuberkulose hospitaal met 'n personeelsterkte van 26 en 'n bedkapasiteit om 85 pasiënte te kan hanteer.[69]

Hierdie sametrekking van so 'n groot groep gespesialiseerde medici in Vereeniging het veroorsaak dat hierdie gesondheidsdiens as 'n streeksdiens gevestig is.

Die munisipale gesondheidsdienste het beheer oor bevolkingsontwikkelingsprogramme, die beheer van besoedeling, klinieke, voedselhigiëne, algemene higiënebeheer van handels- en nywerheidspersele en vullisverwydering.[70]

Die resultaat van hierdie bogenoemde ontwikkeling is dat die gesondheid op 'n hoë vlak gehou word. Dit het dus ook meegehelp om die kultuurvlak te verhoog. Hierdie toestand is

---

65 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 30 June 1972: report.

66 Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om ...***, p.37.

67 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 29 March 1963: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 2 August 1963: report.

68 Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om ...***, p.78.

69 Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om ...***, p.79.

70 Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om ...***, p.37.

veral bereik, omdat die hoofklem in ekonomiese-ontwikkeling onder die kapitalisme op die verhoging van die lewenspeil van die bevolking ingestel is.[71]

Daar is soms gevind dat die lewenspeil van sommige van die individue, ten spyte van positiewe ekonomiese-ontwikkeling, swakker geword het. So 'n verskynsel is gewoonlik aanwesig waar die bevolking so vinnig vermeerder dat ontwikkeling nie met die bevolkingstoename kan tred hou nie.[72] Op grond van hierdie waarneming is daar gedurende die laaste helfte van die tagtigerjare gevind dat gesondheidsdienste verswak het.[73]

Lede van die gemeenskap was ook in ekonomiese of selfs politieke konflik situasies betrek wat spanning meegebring het.[74] Hierdie toestand sou noodwendig die gesondheid van die inwoners van Vereeniging nadelig raak.[75]

## 12.3 WELSYNSORGANISASIES

Die maatskaplike sorg wat welsynsorganisasies gebied het, het mettertyd 'n belangrike rol in die kultuurvorming van die gemeenskap van Vereeniging gespeel.[76]

Die redes vir die ontwikkeling van welsynsorganisasies kan in die gevolge wat verstedeliking op die mense gehad het, gevind word.[77]

Die algemene lewensomstandighede het vir sommige mense 'n probleem ingehou. Daar is gevind dat dit vir heelwat van die mense moeilik was om by die veranderende omstandighede wat deur verstedeliking veroorsaak is, aan te pas. Die rede hiervoor was die groot verskeidenheid van kulture wat in Vereeniging gevestig is. Daar is 'n kultuurvreemdheid ervaar wat nadelig op die mens se geestesgesondheidsomstandighede ingewerk het.[78]

---

71 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 29 June 1979: report.

72 C.H. Boshoff, *Die streeksinkome van die Vaalrivieropvanggebied volgens landdrosdistriksbasis* ..., pp.1-15.

73 Vgl. Suid-Afrikaanse Nasionale Tuberkulosevereniging (SANTV), Notules, 1983-1991.

74 Suid-Afrikaanse Rooikruisvereniging (Suid-Transvaal streek), Jaarverslag, 1990.

75 Kankervereniging, Inligtingstuk, 20 Februarie 1992; SANL, Vereeniging, Inligtingstuk: die liga was daar, 1991; vgl. ook Familie- en Huweliksvereniging van Suid-Afrika (FAMSA), Vereeniging, Notules, 1990.

76 *Vereeniging News*, 3 March 1944: report; *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 30 March 1956: report.

77 Anon., "Establishment of local industries", p.290; M.M. Smith, *'n Geografiese studie van steenkool* ..., p.212; *Vereeniging News*, 3 March 1944: report.

78 Vgl. *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 1 July 1966: report.

Dit is ook oor die algemeen bewys dat die Afrikaner byvoorbeeld nie voorbereid op die skok van verstedeliking was nie.[79] Die Afrikaner wat 'n beleërde kultuur gehad het, het moeilik by die verstedelikte omstandighede aangepas. Die gevolg van hierdie verstedeliking was dat die Afrikaner in sy stryd om sy plek in die stad te verower en om ekonomiese aansien te verwerf, baie van sy behoudende waardes prysgegee het en derhalwe vreemde lewensbeskouings aanvaar het. Vir die ander kultuurgroepe was die sametrekking van 'n groot verskeidenheid van kulture ook verwarrend. Die groot hoeveelheid vroue wat in nywerhede gewerk het, het ook 'n veranderde invloed op die gesinslewe gehad.[80] Hierteenoor het die immigrante ook 'n kultuurvreemdheid in Vereeniging ervaar. Wat egter in die immigrante se guns getel het was dat hulle aan 'n industriële samelewing gewoond was.[81]

Aanvanklik is welsynsdienste in Vereeniging op 'n informele, private en individuele grondslag hanteer. Die versorging van die medemens is dikwels as 'n persoonlike verantwoordelikheid opgeneem. Dit het tot gevolg gehad dat verskillende welsynsaksies plaasgevind het.[82] Dikwels is hulpbehoewendes uit huishoudelike begrotings gevoed en geklee. Gedurende die vroegste jare het sommige van die plattelandse mense wat as gevolg van droogtes verstedelik het, geen heenkome gehad nie. Mede dorpenaars het in sommige gevalle 'n sopkombuis geopen en klere vir verspreiding onder die armes gekollekteer.[83] In Vereeniging was die lewenswyse van sommige mense van so 'n aard dat daar heelwat aandag aan die versorging van dié mense gegee moes word.[84] Daar is ook deur die staat se werkskeppingsaksies gepoog om vir die mense 'n heenkome te bied. Daar is ook vir hierdie hulpbehoewende mense hulpfondse gestig.[85]

Hierdie probleme wat deur die verstedelikingsproses veroorsaak is het die belangstelling van die regering en ander instellinge geprikkel. Daarom het maatskaplike sorg reeds vroeg in die geskiedenis die aandag van staatsmanne en ander deskundiges geniet.[86] In die Pretoria-Witwatersrand-Vereeniginggebied word daarom heelwat aandag aan maatskaplike sorg

---

79 E.L.P. Stals (red.), ***Afrikaners in die Goudstad, 1924-1961***, deel 2, p.13.

80 C.W. Pearsall, "Some aspects of the development of secondary ...", pp.420,421; H.F. Schroeder, ***Huidige probleme van die onderwys en opvoeding*** ..., p.29; ***Vereeniging News***, 19 October 1945: report.

81 Vgl. ***Rand Daily Mail***, 12 August 1956: report.

82 ***Vereeniging Recorder***, 16 November 1939: report.

83 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 30 March 1956: report.

84 ***Vereeniging News***, 19 October 1945: report.

85 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, pp.169,170.

86 A.J. Visser, ***Die ontwikkeling en konsentrasie van die fabrieksnywerheid*** ..., p.2.

gegee. Hierdie gebied speel dan ook 'n belangrike rol en gee leiding in die ontwikkeling van maatskaplike sorg.[87]

Daar is pogings aangewend om hierdie bogenoemde probleme die hoof te bied. Die stigting van welsynsorganisasies was in Vereeniging dus 'n noodsaaklikheid.[88] Heelwat organisasies het mettertyd ontstaan wat 'n invloed op Vereeniging se gemeenskap se lewenswyse en kultuurvlak gehad het.[89] Die rede hiervoor is dat hierdie welsynsorganisasies op 'n professionele wyse na die welsyn van hierdie mense omgesien het.[90] Die oorsig van welsynsorganisasies en -instellings wat hier volg is weens onvoldoende inligting, onvolledig.

Die Kindersorgvereniging is een van die oudste welsynsorganisasies wat sedert die vroegste jare na die belange van die kinders in Vereeniging omsien. 'n Sekere mev. Sinclair het gedurende die Tweede Vryheidsoorlog, in moeilike omstandighede, 'n kleuterskool vir onversorgde kinders geopen. 'n Ander dame mev. Robson het ook die meeste van haar tyd aan die welsyn van onversorgde kinders spandeer. Sy was dan ook stigterslid van Vereeniging se Kindersorgtak.[91]

Catherine Robson Kinderhuis het reeds in die vroeë jare van Vereeniging 'n aanvang geneem. Reeds gedurende 1904 is daar aan 'n Kinderhuis aandag gegee.[92] Mnr. Sammy Marks het gedurende 1904 aansoek gedoen om 'n kinderhuis op te rig. Mnr. Marks se aansoek vir die oprigting van die weeshuis is met die volgende onderneming gestaaf. Hy sou akkommodasie vir 12 tot 20 seuns, wat nie onder die ouderdom van 14 jaar is nie, verskaf. Hy sou vir hul klere en kos sorg. Hy sou hulle in die vervaardiging van erdeware en pottebakkery oplei. Die regering het ingestem om 'n bydrae van £500 per kwartaal vir die eerste twee jaar te maak sodat hierdie projek aangepak kon word.[93]

Die versorging van hawelose vrouens het gedurende hierdie jare ook die aandag van welsynsorganisasies geverg. Heelwat jong meisies het gedurende die laat twintigerjare na die stede verhuis. Hierdie meisies het geen verblyf gehad nie. Daar is 'n hostel vir jong

---

87 H.F. Schroeder, ***Huidige probleme van die onderwys en opvoeding*** ..., pp.29,32,42.

88 ***Vereeniging News***, 19 October 1945: report.

89 ***Vereeniging News***, 3 March 1944: report.

90 A.J. Visser, ***Die ontwikkeling en konsentrasie van die fabrieksnywerheid*** ..., pp.2-10; ***Vereeniging News***, 3 March 1944: report; ***Vereeniging News***, 19 October 1945: report.

91 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, pp.150-160.

92 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, pp.150-160.

93 TAB, Pretoria, Colonial Secretary (CS), band 475, lêer 4595/04: brief S. Marks, 1904.

werkende meisies in Vereeniging deur Stewarts & Lloyds opgerig. Mev. Cheales het as superintendent van hierdie hostel goeie werk gedoen.[94]

Die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (SAVF) het reeds vanaf die twintigerjare dienste in Vereeniging verskaf.[95] Die doel van hierdie federasie is soos volg:

- Liefdadigheids- en maatskaplike werk.
- Die opheffing van armes.
- Die versorging van behoeftige gesinne.
- Die bevordering van die belange van behoeftige vrouens en kinders.[96]

Gedurende 1946 is die silwerjubileum feesvieringe van die SAVF gevier. Hierdie fees is in die stadsaal van Vereeniging gehou. Mnr. Rood het gemeld dat die vereniging 'n suksesvolle jaar gehad het en dat die mooi bedrag van R6 300 aan liefdadigheidswerk spandeer is.[97]

Die Vereenigingse Liefdadigheidskommissie is deur 'n maatskaplike werkster, 'n werknemer van die SAVF, gehelp. Sy het gereeld welsynsbesoeke afgelê en ook hulpbehoewende gevalle aangemeld. Die onderstaande tabel dui die hoeveelheid gesinne aan wat gedurende 1940 maandeliks op hierdie wyse gehelp is.

---

94 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.100.

95 ***Vereeniging News***, 14 December 1945: report.

96 ***Vereeniging News***, 14 December 1945: report; Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (SAVF), Vereeniging, Sertifikaat van ooreenkoms, artikel no. 2, Junie 1942.

97 Anon., ***Silver jubilee of the 'Suid-Afrikaanse Vrouefederasie'***, p.321.

**Tabel no. 12.3: Hulpbehoewende gevalle gedurende 1940**

| Hoeveel Gesinne | Hoeveel keer gehelp |
|---|---|
| 9 | gereeld gehelp |
| 3 | 9 keer gehelp |
| 2 | 8 keer gehelp |
| 4 | 7 keer gehelp |
| 4 | 6 keer gehelp |
| 9 | 5 keer gehelp |
| 5 | 4 keer gehelp |
| 16 | 3 keer gehelp |
| 13 | 2 keer gehelp |
| 32 | 1 keer gehelp |
| 25 reisigers is met padkos gehelp | [98] |

Benewens bogenoemde hulp is daar ook addisionele welsynsdienste in die vorm van armsorg, die verskaffing van kunsbene, tande en brille gedoen. Armsorgdienste is binne gebiede soos Vereeniging, Kliprivier, Daleside, Evaton, Riversdale, Meyerton, Slagfontein, Vischgat, Modderfontein, Kookfontein, Jacksonsdrift, Lindequesdrift gedoen.

Op die ou lughawe naby Vereeniging is ook 'n goewermentsdorp aangelê waar 143 woonstelle aan goedgekeurde oudvrywilligers verhuur is. Die inwoners in die goewermentsdorp het gedurende die vyftigerjare 530 persone beloop. Verskeie instellings het hierdie projek ondersteun. Samewerking tussen die Kantoor van die Volkswelsyn met die Rotary Klub, MOTH's en St. John's Ambulance Brigade was baie bevredigend.[99]

Fondse vir welsynsdienste gedurende die veertigerjare is van die Provinsiale Administrasie verkry wat 'n bedrag van R30 per maand, per geval, bygedra het. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk was vir die bedrag van R2.20 per maand verantwoordelik. Die Hervormde Kerk het 'n bedrag van R24 per jaar geskenk.[100]

Gedurende 1945 was hierdie tipe liefdadigheidstoelaes ontoereikend, omdat pryse gestyg het, heelwat mense na die oorlog uit hul poste in fabrieke ontslaan is en die welsynsgevalle gevolglik vermeerder het. Daar is gedurende 1946-1947 groter toelaes van die donateurs

---

98 Liefdadigheidskommissie, Vereeniging, Jaarverslag, 1 Julie 1939 - 30 Junie 1940.

99 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 10 December 1971: report.

100 SAB, Pretoria, VWN, band 2757, lêer SWP 8/117: maandverslae van welsynswerker, 1940; Liefdadigheidskommissie, Vereeniging, Jaarverslag, 1 Julie 1939 - 30 Junie 1940.

aangevra.[101] Statistiek wat die welsynshulp vanaf 1945 tot 1950 aantoon word in onderstaande tabel gegee.

**Tabel no. 12.4: Welsynshulp, 1945-1950**

| Jaar | Toewysing | Bedrag Bestee | Persone gehelp | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | Blank | Kleurlinge | Asiate |
| 1945/46 | R400 | R507 | 210 | 0 | 0 |
| 1946/47 | R520 | R372 | 234 | 0 | 0 |
| 1947/48 | R400 | R643 | 143 | 9 | 0 |
| 1948/49 | R650 | R962 | 183 | 2 | 0 |
| 1949/50 | R620 | R766 | 341 | 10 | 0 |

Volgens hierdie statistiek was daar steeds 'n toename in die welsynsdienste wat aan blankes verskaf is.[102]

Die Departement van Volkswelsyn se kantoor is op 3 Maart 1947 in Vereeniging geopen. Aangesien kantoorakkommodasie onverkrygbaar was, moes van 'n tydelike militêre hut gebruik gemaak word wat vir hierdie doel opgerig is. Die werk is onder moeilike omstandighede in Vereeniging begin. Daar is gevind dat die gebied in 'n oorgangsproses was. Terwyl plattelanders teen 'n buitengewone hoë tempo na Vereeniging verhuis het en die vraag na maatskaplike sorg toegeneem het, het die plaaslike liefdadigheidsorganisasies die vrees gekoester dat die departement die kantoor geopen het om hul werksaamhede oor te neem. Die Wet op Welsynsorganisasies, no. 40 van 1947 het bepaal dat daar 'n lys van welsynsorganisasies opgestel moes word. Daar is gedurende 1947 'n lys van alle welsynsorganisasies in hierdie gebied opgestel. 'n Lys van 43 liefdadigheidsverenigings is saamgestel wat op daardie stadium in hierdie gebied gefunksioneer het.[103]

Die Springbok Gedenk Kinderhuis is met die hulp van die Baptiste Kerk van Vereeniging tot stand gebring. Die doelstellings en werksaamhede van hierdie kinderhuis is om kinders in nood te versorg, asook om kinders wie se ouers of voogde self vir versorging kon betaal, in die kinderhuis op te neem. Die kinderhuis is so ingerig dat daar voorsiening gemaak is vir tien kinders in elke huis, met 'n moeder in beheer.[104]

---

101 SAVF, Vereeniging, Armsorgbesteding, 1948/49.

102 SAVF, Vereeniging, Armsorgbesteding, 1948/49.

103 SAB, Pretoria, VWN, band 649, lêer SW 95/4/2-45: Volkswelsyn jaarverslag, 1948/49.

104 SAB, Pretoria, VWN, band 2891, lêer SWP 8/1057: the Springbok memorial children's home, 1957.

Die gebied se bevolking het ook vinnig vermeerder. Gedurende 1960 het Vereenigingdistrik die digste bevolking in die Vaaldriehoek gehad. Daar was 257 persone per vierkante myl in Vereeniging woonagtig. Dit toon 'n snelle toename in digtheid, want in 1951 was die distrik se bevolkingsdigtheid 156 en in 1936 was daar slegs 52 persone per vierkante myl in die distrik woonagtig.[105] Die bevolkingsamestelling in Vereeniging kan uit die onderstaande tabel waargeneem word.

**Tabel no. 12.5: Bevolking van Vereeniging gedurende 1976**

| Blank | Kleurling | Indiër | Swart mense | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| 40 000 | 1 585 | 1 640 | 145 000 | 189 225 [106] |

Hierdie verskeidenheid van bevolkingsgroepe het ook meegehelp tot sosiale probleme wat gedurende hierdie tydperk bestaan het. Die rede hiervoor kan onder meer in die destydse tydsgees gesoek word. Gedurende die sestigerjare het 'n verval van menslike waardes oor die hele wêreld voorgekom. Dit is veral deur voorspoed en die gepaardgaande golf van materialisme veroorsaak. Dit het veroorsaak dat individue hul waardes op die agtergrond geskuif het. Hierdie gees is ook in Suid-Afrika ervaar.[107]

Dwelms het ook al hoe meer 'n probleem geword. Dwelmverkope is dikwels ondergronds bedryf. Die euwel van dwelmverslawing onder jeugdiges het so toegeneem dat 'n komitee ter bestryding daarvan gedurende 1970 in die lewe geroep moes word.[108]

'n Ander probleem wat hierdie onstabiliteit ondersteun het was die hoë verskuiwingskoers van leerlinge tussen skole. Nywerheidswerkers het van een woonbuurt na die ander en van een dorp na die ander getrek met die hoop dat hul nuwe omgewing en werkplek beter vooruitsigte sou bied. Hierdie omstandighede het kinders benadeel.[109]

---

105 SAB, Pretoria, VWN, band 649, lêer SW 95/4/2-45: Volkswelsyn jaarverslag, 1948/49; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 27 October 1967: report.

106 M.M. Smith, ***'n Geografiese studie van steenkool*** ..., p.212.

107 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 15 July 1966: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 15 August 1969: report; H.A. du Plessis, ***'n Didakties-pedagogiese ondersoek na toestande rakende die akademiese opleiding*** ..., pp.3 e.vv..

108 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 15 August 1969: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 16 January 1970: report.

109 H.F. Schroeder, ***Huidige probleme van die onderwys en opvoeding*** ..., pp.32-42.

Al die vrae oor die maatskaplike omstandighede van die armoedige kind is ook nog nie opgelos nie.[110] Die relatiewe invloed van die gesin, die skool, en die gemeenskap op die oorerflike aanleg, persoonlikheid en gedrag van die kind moes nog vasgestel word.[111] Die vraag of die skool vir tekorte wat in die gesinsopset bestaan, kan kompenseer, moes ook nog beantwoord word.[112]

Met die vinnige instroming van verskillende bevolkingsgroepe na Vereeniging het daar dus verskillende sosiale probleme kop uitgesteek. Die gebied waaraan dienste gelewer moes word, was ook baie groot. Die omvang van die area het uit twee Landdrosdistrikte, Vereeniging en Heidelberg, bestaan:

| | |
|---|---|
| Vereeniging Landdrosdistrik: | 997 vk. myl |
| Heidelberg Landdrosdistrik: | 1 600 vk. myl |
| Totaal | 2 597 vk. myl |

Bevolking van hierdie gebied is soos volg beraam:

<u>Vereeniging dorp en distrik</u>

| | | |
|---|---|---|
| Blankes | : | 23 543 |
| Swart mense | : | 80 959 |
| Indiërs | : | 827 |
| Kleurlinge | : | 881 |
| TOTAAL | : | 106 210 [113] |

Wetgewing deur die regering, wat arbeiders moes beskerm, was nie meer bevredigend nie. Daar was heelwat wette wat arbeiders moes beskerm. So was daar byvoorbeeld die wet op winkels en kantore (Wet no. 75 van 1964). Hierdie wet het bepaal dat 'n werknemer nie

110 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 27 September 1968: report.

111 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 24 June 1966: report.

112 W.C. Nieuwoudt, *'n Opvoedkundige ondersoek na affektiewe en persoonlikheidsfaktore van skoolstakers* ..., p.16.

113 SAB, Pretoria, VWN, band 649, lêer SW 95/4/2-45: Volkswelsyn jaarverslag, 1950/51.

meer as 46 uur per week mag werk nie.[114] Die toepassing van hierdie tipe wetgewing was moeilik.

Omstandighede gedurende die laaste twee dekades was sodanig dat daar steeds 'n behoefte vir meer welsynsorganisasies ontstaan het. Verskillende faktore het gedurende die tagtigerjare tot kultuurvervlakking en gevolglik 'n groter behoefte vir meer welsynsorganisasies gelei.

Suid-Afrika het vanaf die tagtigerjare 'n resessie en later 'n depressie beleef, wat die gemeenskap direk geraak het. USKO se rasionalisasieprogram het byvoorbeeld tot baie afdankings gelei. Die besnoeiing op oortyd het baie werkers se inkomste verklein. Werkloosheid word verder deur 'n gemiddelde bevolkingsgroei van 2,6% per jaar met 'n toetredingskoers tot die arbeidsmark van omtrent 2,7% per jaar, met 'n gemiddelde ekonomiese groei van net oor 2% per jaar aangehelp. Daar het dus 'n veranderingsproses in terme van gemiddelde inkomste per kapita plaasgevind. Die werksgeleenthede vir die vroeë skoolverlaters het ook afgeneem.[115]

Daar was 'n skaarste aan geskoolde en veral hooggeskoolde arbeid. Terselfdertyd is daar egter 'n groot ooraanbod van halfgeskoolde arbeid en ongeskoolde werkers.[116] Gedurende die laaste dekade was die ekonomiese groei as gevolg van politieke onrus nie na wense nie. Die resultaat was dat hierdie minder gegoede inwoners van die land nie in hulle eie basiese lewensbehoeftes kon voorsien nie. 'n Verdere probleem is dat die staat ook nie meer in die mense se welsynsbehoeftes kon voorsien nie.

Ontevredenheid het mettertyd ontstaan omdat die inkomsteverspreiding nie gebalanseerd is nie. Die boonste 10% van die bevolking verdien in die koers van 52% van die huishoudelike inkome, terwyl die onderste 50% van die bevolking net 7,2% van die huishoudelike inkome verdien.[117]

Die swak ekonomiese toestand het die kultuurvlak van die gemeenskap geraak. Heelwat van die mense se ekonomiese toestand het tot kultuurvervlakking gely. Gevolglik het verskeie organisasies verder ontwikkel of nuwes het ontstaan om in hierdie welsynsbehoeftes te kon

---

114 J.J. du Plessis, ***Die kosteprobleem as gevolg van wetgewing in Suid-Afrika*** ..., pp.107,108.

115 W.C. Nieuwoudt, ***'n Opvoedkundige ondersoek na affektiewe en persoonlikheidsfaktore van skoolstakers*** ..., p.1.

116 P.W. Stoker & C.J. Taljaard (samestellers), ***'n Nywerheidsperspektief*** ..., p.15; E.L.P. Stals (red.), ***Afrikaners in die Goudstad*** ..., p.119.

117 H.F. Schroeder, ***Huidige probleme van die onderwys en opvoeding*** ..., p.89.

voorsien. Hier volg 'n oorsig van die organisasies wat gedurende die tagtigerjare in Vereeniging werksaam was.

Die Vrouefederasie het steeds 'n voltydse kantoor in Vereeniging. Hul werksaamhede het onder meer die diens van 'n voltydse gekwalifiseerde sosiale werkster ingesluit, wat na die behoeftes van die gemeenskap omgesien het. Gesinsorg en ander rehabilitasie-werksaamhede is ook onderneem. Dié organisasie het ook toesig gehou oor begunstigdes wat onderhoudtoelaes ontvang het, hulle het ook armsorgwerk gedoen, werkklubs vir vroue en meisies aangebied en 'n kleuterskool op Vereeniging beheer.

Die werksaamhede van die Kindersorgvereniging is deur toesig oor al die sake en vrae rakende die welsyn van kinders in Vereeniging en distrik gekenmerk. Die vereniging dien ook as 'n adviesliggaam oor sake rakende kindersorg. Die organisasie poog ook om aktiwiteite rondom kindersorg te stimuleer en is om hierdie rede by die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Kindersorg geaffilieer. Op hierdie wyse werk die Kindersorgvereniging saam met die staat, munisipaliteit en ander organisasies en instansies wat met kindersorg betrokke is.[118] Kinders word slegs na inrigtings gestuur as daar geen ander uitweg gevind kan word nie. Daarom word families met die nodige raad en advies bedien.[119]

Een van die Kindersorgvereniging se grootste probleme gedurende die tagtigerjare was egskeidings. Die vereniging moes ook heelwat hulp aan ongetroude moeders en onderhoudstoelae vir sorgbehoewende kinders gee. Probleme soos gesinsverbrokkeling, drankmisbruik, werkloosheid, armoede en ander gevalle word steeds as die daaglikse roetinewerk van hierdie vereniging beskou.[120] Heelwat fondse is benodig en daar is heelwat fondse deur middel van straatkollektes ingesamel.[121]

Die Vereeniging Old Aged Housing Utility Company het na die belange van die senior burgers van Vereeniging omgesien. Maatskaplike werkers help die senior gemeenskap sonder om hul selfstandigheid weg te neem.[122] Die doelstellings van hierdie organisasie is

118 SAB, Pretoria, VWN, band 2875, lêer SWP 8/627: Vereeniging Kindersorg jaarverslag, 1943; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 22 May 1964: report.

119 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 28 March 1969: report.

120 SAB, Pretoria, VWN, band 2875, lêer SWP 8/627: Vereeniging Kindersorg jaarverslag, 1947; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 12 July 1968: report.

121 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 29 June 1979: report.

122 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 18 September 1970: report.

om 'n tuiste vir bejaardes te skep, en om beheer oor losiesplekke en ander woonplekke van bejaardes uit te oefen, wat binne die magistraatsgebied van Vereeniging geleë is.[123]

Die Over 60-Club het maandeliks bymekaar gekom.[124] Gedurende hierdie gesellige byeenkomste is die seniorburgers onthaal en daar is ook interessante programme vir hulle aangebied.[125]

Die Meals on Wheels organisasie het tot 50 maaltye daagliks aan die senior inwoners van die dorp verskaf. Die maaltye word aan die persone by hul woonplekke bedien.[126]

Die Kreupelsorgorganisasie se belange word deur die gemeenskap op die hart gedra.[127] Die belangrikste werksaamhede van die organisasie is om die publiek in te lig oor skielike veranderde omstandighede na 'n ongeluk[128], om rystoele en ander mediese benodigdhede aan geregverdigde kreupelpersone te voorsien en om kreupeles te vervoer. Die doeltreffendheid van hierdie organisasie het mettertyd verswak omdat daar nie voldoende finansies beskikbaar is nie.[129]

Die Kankervereniging het fondse deur verskeie fondsinsamelings projekte bymekaar gemaak.

Die MOTH's se welsynsdienste in Vereeniging behels die volgende aktiwiteite. Elke Woensdagoggend word tee en verversings by die MOTH-saal in Merrimanstraat vir oumense bedien. Die MOTH's het ook aan die pensioenarisse tee bedien. Hulle het ook straatkollektes gehou.[130] Die MOTH's het ook gewoonlik behoeftige kinders se vakansie by die see gefinansier.[131]

Die Vereeniging Returned Soldiers Association (VRSA) het ook hulp aan persone en groepe gegee. Hulle het duisende Rande aan weduwees spandeer en beurse aan studente

---

123 SAB, Pretoria, HEN, band 2299, lêer 437/1/12/442: the Vereeniging Old Aged Housing Utility Company registering, 1953.

124 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 7 May 1982: report.

125 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 30 October 1981: report.

126 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 29 January 1982: report.

127 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 5 March 1982: report.

128 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 5 May 1967: report.

129 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 29 May 1981: report.

130 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 31 August 1962: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, July 1982: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 21 September 1979: report.

131 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 24 July 1981: report.

beskikbaar gestel.[132] Teen 1982 het hierdie vereniging alreeds 'n bedrag van R40 000 vir hulpbehoewendes en R40 000 aan beursgelde uitbetaal.[133]

Die Joodse Vrouevereniging se welsynsdiens wentel om die beskikbaarstelling van warm klere en komberse aan plaaslike organisasies, skenkings aan organisasies soos die Salvation Army, Sharpeville Kliniek, Kreupelsorg en Tuberkulose (TB)-kliniek.[134]

Naas die werk van die bogenoemde organisasies sluit die welsynswerk in 'n nywerheidsgemeenskap ook sake soos opleiding in. Gedurende die laat tagtigerjare het werkloosheid 'n faktor geword waarmee rekening gehou moes word. Die rasionaal van opleiding in welsynsverband is dat opleiding en heropleiding nie alleen van groot waarde vir 'n land as sodanig is nie, maar ook waardevol vir die individuele werker of potensiële werker is. Opleiding en heropleiding verlig persoonlike armoede, deurdat die werker se kennis en vaardighede verbeter word. Daarmee saam verbeter sy mededingende posisie in die arbeidsmark en word sy inkomste ook sodoende verhoog. Vir baie individuele werkers is opleiding die enigste ontsnaproete om hom en sy familie uit 'n armoedekringloop te bevry. Opleiding en heropleiding beskerm die individuele werker teen werkloosheid, veral tegnologiese en strukturele werkloosheid.[135]

As daar dus na die resultaat van die betrokkenheid van welsynsorganisasies in Vereeniging gekyk word, tref dit dat die taak van hierdie organisasies deur die gevolge van die verstedelikingsproses bemoeilik is.[136] Nieteenstaande die belangstelling van die regering en ander instellings in die vraagstuk van nywerheidskonsentrasie en desentralisasie, het daar reeds in die beginjare van Vereeniging 'n behoefte vir welsynsorganisasies ontstaan.

Die toename van ongelukke, misdade, dwelms, kindermishandeling, prostitusie en kerkloosheid het gedurende die laaste dekade ooglopend groter geword.

Nieteenstaande vele probleme het maatskaplike sorg en welsyn goeie diens gelewer omdat die hoeveelheid welsynsorganisasies in Vereeniging steeds 'n stygende lyn getoon het. Die kwaliteit van dienste wat deur die organisasies gelewer word, het die afgelope jare

---

132 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 27 October 1967: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 10 December 1982: report.

133 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 9 July 1982: report.

134 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 9 July 1982: report.

135 J.P. Aucamp, ***Die bepaling van opleidingsbehoeftes en die rol ...***, p.2.

136 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 7 June 1963: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 15 July 1966: report.

aansienlik verbeter.[137] Heelwat mense se lewensgehalte is ook swak omdat hulle nie geweet het hoe om te begroot nie. Welsynsorganisasies help sulke gesinne om hul lewenskwaliteit te verbeter.[138]

## 12.4 DIE INVLOED VAN DIE KERKE OP DIE KULTUURVLAK VAN DIE GEMEENSKAP VAN VEREENIGING

In die geestesgesondheid van die inwoners van Vereeniging het kerkgenootskappe ook 'n belangrike rol gespeel.[139] Daar is gevind dat die religieuse komponent in Vereeniging 'n integrale deel van die dorp vorm en dat sy invloed wyer strek as die strukture wat dit verteenwoordig.[140] Afgesien van die invloed wat kerke op die mens se geestelike lewe het, is die geestesgesondheid van die mens van die uiterste belang. Dit het 'n invloed op 'n gesonde gesinslewe, hoër produktiwiteit, voorspoedige en gelukkige kulturele lewenswyse.

Die kerke van Vereeniging het dan ook 'n belangrike rol in die geestesgesondheid van die gemeenskap van Vereeniging gespeel.[141] Die volgende faktore en omstandighede het die groei en ontwikkeling van die kerkgenootskappe beïnvloed. As gevolg van gebrekkige inligting word nie alle kerke volledig vermeld nie.

Die ekonomiese posisie van die gemeentelede bepaal die omvang van die fasiliteite wat die kerk as instelling aan sy gemeentelede kan lewer.[142] Die ontwikkeling op kerklike gebied was stadiger omdat daar verskillende kulture en volke in Vereeniging teenwoordig was. Dit het 'n groter hoeveelheid kerkgeboue vereis wat kleiner gemeentes gehuisves het.[143]

Die vestiging van die verskillende kerke in Vereeniging word vervolgens beskryf.

---

137 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 12 July 1974: report.

138 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 28 March 1969: report; *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 29 April 1966: report.


139 A.J.G. Oosthuizen, *'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal* ..., pp.120-128.

140 Nederduitse Gereformeerde Kerk, Jaarboek, jg. 141, 1990, p.137.

141 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 23 February 1973: report.

142 A.J.G. Oosthuizen, *'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal* ..., pp.120-128.

143 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 23 February 1973: report; A.J.G. Oosthuizen, *'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal* ..., pp.120-128.




**Figuur no. 12.1:** **Die ontstaan van die Gemeentes in die Ringe van Vereeniging en Herman Steyn**

## *12.4.1 DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK*

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het op 16 Maart 1912 'n gemeente in Vereeniging met 600 lidmate gestig.[144] Die lidmate het gedurende die vroeë jare op 'n ontspanne en rustige wyse hul godsdiens beoefen.[145] Gedurende nagmaal het die gemeentelede met ossewaens by die kerk uitgespan.[146] Saterdae het die kerk 'n "bazaar" gehou om fondse in te samel.[147] Tydens die nagmaalfeeste het die immigrante uit Europa hulle aan al hierdie bedrywighede vergaap.[148]

Mettertyd het daar egter heelwat ontwikkeling plaasgevind. Die eerste Nederduitse Gereformeerde kerkgebou is gedurende 1920 opgerig. Hierdie gebou is later as 'n skool gebruik.[149] Gedurende 1927 is daar nog 'n nuwe kerkgebou vir Vereeniging ingewy.[150] De Deur gemeente is gedurende 1947 gestig.[151] Hierna het die Nederduitse Gereformeerde gemeente van Drie Riviere gedurende 1951 tot stand gekom. Die gemeente Peacehaven het in 1955 van Drie Riviere afgestig. In 1961 is Drie Riviere-Oos afgestig, met Risiville, as derde dogtergemeente, wat in 1967 afgestig het.[152]

Die Nederduitse Gereformeerde gemeentes van Vereeniging het vinnige ontwikkeling getoon. Daar is veral gedurende die laat vyftiger- en sestigerjare heelwat gemeentes afgestig of nuwes gestig soos die van die gemeente Voorwaarts wat op 17 November 1956 van Vereeniging-Wes afgestig het. Op Maandag 4 Augustus 1958 is die eerste kerkraadvergadering van die gemeente Vereeniging-Suid gehou.[153] Die gemeente van Drie

---

144 Nederduitse Gereformeerde Kerk Vereeniging, Inligtingstuk: halfeeufees, 16 Maart 1912 - 16 Maart 1962, p.6; F.O.F. van Aswegen, ***Die geskiedenis van Vereeniging*** ..., p.119.

145 Nederduitse Gereformeerde Kerk Vereeniging, Inligtingstuk: die gemeente Vereeniging, 1991, p.1.

146 Nederduitse Gereformeerde Kerk Vereeniging, Inligtingstuk: driekwarteeufees, 13-15 Maart 1987, pp.1-10.

147 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.31.

148 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.33.

149 A.J.G. Oosthuizen, ***'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal*** ..., p.129.

150 P. du Toit (red.), ***Die Kerkdeur: Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde gemeente Vereeniging***, {gedenk-uitgawe by geleentheid van die plegtige ingebruikneming van die kerksaal}, pp.6-7; Nederduitse Gereformeerde Kerk Vereeniging, Inligtingstuk: driekwarteeufees, 13-15 Maart 1987, p.15.

151 Nederduitse Gereformeerde gemeente De Deur, Inligtingstuk: De Deur gemeente, p.1.

152 Nederduitse Gereformeerde gemeente Drie Riviere, Inligtingstuk: die Nederduitse Gereformeerde gemeente Drie Riviere, 1991, p.1; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 1 March 1968: report.

153 Nederduitse Gereformeerde gemeente Vereeniging-Suid, Inligtingstuk, p.1.

Riviere-Oos het op 22 April 1961 van Drie Riviere afgestig.[154] Die Nederduitse Gereformeerde gemeente Arcon Park het op 16 Junie 1966 van die moedergemeente Herman Steyn met 600 lidmate afgestig.[155] Gedurende 1972 is die Nederduitse Gereformeerde Kerkgebou in Arcon Park ingewy. Die kerk het 'n bedrag van R100 000 gekos.[156] Op 21 Junie 1967 het Risiville 'n eie gemeente gestig.[157]

Gedurende die laat sewentigerjare het die spoed van stigting afgeneem. Die Nederduitse Gereformeerde gemeente Vereeniging-Oos het op 7 Junie 1969 plaasgevind en die afstigting van die Nederduitse Gereformeerde gemeente van Unitas Park het op 17 Junie 1973 plaasgevind.[158]

'n Belangrike ontwikkeling was dat daar besluit is om nouer skakeling tussen die gemeentes te bewerk en vergaderings meer vaartbelyn te maak. Om hierdie doelstelling te bereik is daar op 28 Januarie 1990 oorgegaan tot die afstigting van die Ring van Herman Steyn. Die samestelling van die twee ringe sien soos volg daaruit:

Ring van Vereeniging: (Vereeniging-Suid)

Vereeniging, Drie Riviere, Peacehaven, Drie Riviere-Oos, Bedworth Park Suikerbos.

Ring van Herman Steyn:

Herman Steyn, Voorwaarts, Arcon Park, Risiville, Vereeniging-Oos, Sonlandpark, Unitas Park, Falcon Ridge.

Verskeie projekte en werksaamhede wat vroeër deur die groter ring van Vereeniging onderneem is, word tans as gesamentlike verantwoordelikheid van die Ringe van Vereeniging en Herman Steyn voortgesit. Hieronder kan die ondersteuning aan Catherine Robson tehuis, die Kerklike Maatskaplike diens (vroeër Christelike Maatskaplike Raad) en die ondersteuning van gemeentes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (die Nederduitse Gereformeerde Kerk onder swart mense) binne die ring van Sharpeville genoem word.

---

154 Nederduitse Gereformeerde gemeente Drie Riviere-Oos, Inligtingstuk, p.1.

155 Nederduitse Gereformeerde gemeente Arconpark, Inligtingstuk, p.1; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 1 March 1968: report.

156 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, February 1982: report.

157 Nederduitse Gereformeerde gemeente Risiville, Inligtingstuk, 1991, p.1.

158 Nederduitse Gereformeerde gemeente Vereeniging-Oos, Inligtingstuk, p.1; Nederduitse Gereformeerde gemeente Sonlandpark, Inligtingstuk, p.1.

## 12.4.2 DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE GEMEENTES VAN VEREENIGING

Die Nederduitsch Hervormde Kerk het heel vroeg reeds vir erwe 724 en 729 in Vereeniging aansoek gedoen. Gedurende 1906 is hierdie erwe aan hulle toegestaan.[159] Op 17 Augustus 1913 is die Nederduitsch Hervormde gemeente Vereeniging, vanuit die gemeentes Heidelberg en Potchefstroom afgestig. Die eerste kerkgebou is op 18 en 19 Desember 1915 ingewy. Die huidige kerkgebou is op 27 Februarie 1943 in gebruik geneem.[160]

Reeds gedurende 1912 is met 'n selfstandige Sendinggemeente begin. Die Sendinggemeente was van die begin af selfonderhoudend. Die Sendinggemeente het 'n skoolgebou in Sharpeville teen 'n koste van ongeveer R4 800 opgerig.[161] Gedurende Desember 1915 is 'n eie gebou vir hierdie Sendinggemeente ingewy.[162] Die gemeente het later 'n lidmaatgetal van 600 siele gehad.[163]

Verdere uitbreiding het soos volg plaasgevind: in 1940 is 'n erf in Meyerton, in 1944 is 'n erf in Evaton, in 1952 is grond in Drie Riviere vir R1 260, in 1953 is grond in Duncanville teen R1 390, aangekoop.

Gedurende 1947 is begin om te onderhandel om 'n kerkgebou op Vanderbijlpark te bekom. Vanderbijl Park Eiendomsmaatskappy (VESCO) het vermeld dat hulle deur die Minister versoek is om aan die kerk se versoek te voldoen, en 'n perseel aan die kerk vir 'n minimale bedrag toe te ken.

Van die belangrikste ontwikkeling wat die Hervormde gemeentes gedurende die vyftiger tot laat sestigerjare getoon het, was dat Evaton, Meyerton en die Vanderbijlpark gemeentes gedurende 1950 afgestig het. Gedurende 1952 het Meyerton gemeente afgestig en Duncanville gemeente het gedurende 1954 afgestig en hulle eerste predikant gedurende 1956 in ontvangs geneem.[164] Drie Riviere het gedurende 1961 afgestig en die

---

159 SAB, Pretoria, Departement van Lande (LDE), band 437, lêer 5008/17: die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk, 1905-1920.

160 Nederduitsch Hervormde Kerk, ***Gemeente Vereeniging: 75ste herdenking***, pp.11,15,44.

161 P. du Toit (red.), ***Die Kerkdeur*** ..., pp.14,15.

162 A.J.G. Oosthuizen, ***'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal*** ..., p.130.

163 H.F. Schroeder, Onderhoud, 15 Januarie 1991.

164 Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Inligtingstuk: gemeente Duncanville, p.1; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 27 January 1956: report.

hoeksteenlegging van die kerkgebou het op 19 Oktober 1963 plaasgevind.[165] Op 15 Junie 1974 is die kerkgebou ingewy en op 19 Februarie 1982 word hierdie gemeente se kerksaalkompleks ingewy.[166]

Gedurende die tagtigerjare het Drie Riviere-Oos gemeente gedurende 1983 afgestig.[167] Gedurende 1987 is Drie Riviere-Oos gemeente se kerkgebou in gebruik geneem.[168] Gedurende Junie 1983 het die Gemeente van Sonlandpark afgestig en dié kerkgebou is gedurende 1985 in gebruik geneem.[169]

### 12.4.3 DIE GEREFORMEERDE GEMEENTES VAN VEREENIGING

Die Gereformeerde gemeente van Vereeniging is in Mei 1927 gestig. Volgens Ordonnansie no. 57 van 1903 is die erwe 697, 698, 755 en 756 in die naam van die Gereformeerde gemeente van Vereeniging, vir kerklike doeleindes, gereserveer.[170]

Gedurende 1927 het die Gereformeerde gemeente vir hierdie erwe aansoek gedoen en die kerkgebou is in 1931 ingewy.[171]

Die Gereformeerde Kerk van Vereeniging se meeste ontwikkeling het ook gedurende die vyftiger- tot sestigerjare plaasgevind. Daar is heelwat nuwe gemeentes gestig soos die Gereformeerde gemeente van Vereeniging wat op 12 Augustus 1950 in gebruik geneem is.[172] Die Gereformeerde Kerk Vereeniging-Oos is op 5 Mei 1963 van die Gereformeerde Kerk Vereeniging afgestig.[173] Gedurende 1963 het die Klassis Vaalrivier tot stand gekom en gedurende 1957 is tot die stigting van 'n gemeente in Sharpeville oorgegaan.[174]

---

165 Nederduitsch Hervormde Kerk, ***Gemeente Vereeniging: 75ste herdenking***, pp.40-45.

166 Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, ***Gemeente Drie Riviere, 1961-1986***, pp.10-14.

167 Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, ***Gedenkalbum: gemeente Drie Riviere***, pp.1,2.

168 Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Inligtingstuk: gemeente Drie Riviere-Oos, p.1.

169 Nederduitsch Hervormde Kerk, Inligtingstuk: gemeente Sonlandpark, p.1.

170 SAB, Pretoria, Uitvoerende Raadsbesluite (URU), band 927, lêer 2812: reservation for Gereformeerde gemeente of Vereeniging for church purpose of erf no. 697, 1927.

171 Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, ***Die almanak van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die jaar 1981***, p.134.

172 Gereformeerde Kerk Vereeniging, ***Gedenkboek: Gereformeerde Kerk Vereeniging, 1927-1967***, p.13.

173 Gereformeerde Kerk Vereeniging, ***Gedenkboek: Gereformeerde Kerk Vereeniging, 1927-1967***, pp.45-52.

174 Gereformeerde Kerk Vereeniging, ***Gedenkboek: Gereformeerde Kerk Vereeniging, 1927-1967***, pp.50-59.

Gedurende die tagtigerjare het die Gereformeerde Kerk Vereeniging-Noord op 31 Oktober 1982 van die Gereformeerde Kerk Vereeniging (die moedergemeente) afgestig.[175] Gedurende 1987 is daar by die Gereformeerde Kerk Vereeniging katkisasielokale aangebou, wat so ontwerp en beplan is dat dit in die week vir 'n kleuterskool gebruik kon word.[176]

## *12.4.4 DIE APOSTOLIESE GELOOFSENDING (AGS) IN VEREENIGING*

Gedurende 1927 is hierdie gemeente in Vereeniging gestig en die kerkgebou is op 23 Mei 1954 ingewy. Die volgende dogtergemeentes het uit hierdie gemeente ontstaan: Vanderbijlpark, Evaton, Residensia, De Deur en Riversdal.[177]

## *12.4.5 DIE METODISTE KERK*

Na die stigting van Vereeniging is die eerste Engelse gemeente, naamlik die Metodiste Kerk, in 1898 gestig.[178] Die kerk het eers as die Wesleyan Kerk bekend gestaan.[179]

Gedurende 1902 is daar 'n aansoek vir grond gedoen om 'n kerkgebou vir die Wesleyan Kerk te bou.[180] Die Metodiste kerkgebou in Victoria Avenue het 'n belangrike gebou en baken vir die Metodiste in Vereeniging geword.[181] Aanvanklik het predikante weekliks van Johannesburg gekom om dienste in die gebou waar te neem.[182]

Met die verloop van jare het die Metodiste Kerk baie gedoen om, benewens die geestelike versorging van sy lidmate, ook die kultuurvlak van die gemeentelede te ontwikkel. Daar is ook heelwat konserte in hierdie kerkgebou gehou.[183]

---

175 Gereformeerde Kerk Vereeniging-Oos, Inligtingstuk, p.1.

176 Gereformeerde Kerk Vereeniging-Noord, Inligtingstuk, p.1.

177 Apostoliese Geloofsending (AGS) Vereeniging, Inligtingstuk: ontmoet pinkster Bet-el, pp.1-6.

178 A.J.G. Oosthuizen, ***'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal*** .., p.129.

179 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.34.

180 TAB, Pretoria, CS, band 150, lêer 12591/02: application for stands in Vereeniging, 1902.

181 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 3 December 1971: report.

182 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.35.

183 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 17 April 1964: report; Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.36.

## 12.4.6 DIE PRESBITERIAANSE KERK VAN SUID-AFRIKA

Die Presbiteriaanse Kerk van Suid-Afrika het gedurende 1904 aansoek gedoen vir erwe om 'n kerkgebou in Vereeniging op te rig. Daar was heelwat briefwisseling oor hierdie erwe gevoer. Die reservering van erf no. 356 in Vereeniging vir die Presbiteriaanse Kerk gedurende 1930 was 'n uitvloeisel van hierdie korrespondensie.[184]

## 12.4.7 DIE KATOLIEKE KERK

Daar is 'n Katolieke Kerk in Edwardstraat gebou. Die kerkgebou is later verander en vergroot.[185]

## 12.4.8 DIE JOODSE SINAGOGE

Die eerste rabbi van hierdie Sinagoge was Reverend A.M. Jacobs.[186] Gedurende 1915 is erf no. 541 vir hierdie Vereeniging Hebrew Congregation gereserveer. Die gebou wat op hierdie erf opgerig is, is gebruik totdat die sinagoge in Drie Riviere gebou is.[187] Hier het die Jode deur die jare hul eie tradisionele godsdiens en kultuur voortgesit.[188]

## 12.4.9 DIE ANGLIKAANSE GEMEENTE

Hierdie kerkgebou wat in Livingstonestraat geleë is, se hoeksteen is gedurende 1923 deur Prins Arthur van Connaught gelê.[189] Hierdie kerk het 'n belangrike plek in die lewe van die lidmate ingeneem. 'n Eie kultuur en godsdiens is deur hierdie groep beoefen.[190] Hierdie kerk het heelwat probleme met vandaliste en inbrekers gehad.[191]

---

184 SAB, Pretoria, URU, band 69, lêer 1107: reservation for Presbyterian Church purpose of erf no. 356, Vereeniging, 1930.

185 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.39; ***Vereeniging News,*** 22 August 1952: report.

186 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 29 September 1974: report.

187 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.39.

188 ***Vereeniging News***, 9 June 1944: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 29 November 1962: report.

189 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.162.

190 ***Vereeniging News***, 29 August 1952: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 10 December 1971: report.

191 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 10 December 1971: report.

Gedurende 1964 het die lidmate van Walkerville grond gekoop en gedurende 1973 is hierdie Anglican church voltooi en in gebruik geneem.[192]

## 12.4.10 DIE INDIëR MOSKEE

In 1917 het die Indiërs se Niskengemeenskap 'n perseel in Mainstraat (tans Voortrekkerstraat) gekoop. Op hierdie erf is 'n Moskee opgerig.[193]

## 12.4.11 DIE RESULTATE VAN KERKLIKE-ONTWIKKELING IN VEREENIGING

Die ontwikkeling van die verskillende kerke het getoon dat die gemeenskap van Vereeniging gedurende hierdie jare 'n behoefte aan godsdiensbeoefening gehad het.[194] Die ontwikkeling van die kerke het 'n belangrike invloed op die kultuurvlak van die mense gehad.[195]

Die vroeë dertigerjare was moeilike jare in Vereeniging. Die knellende droogte en die depressie het op stoflike en seker ook op geestelike gebied 'n invloed op lidmate gehad.[196] Sedert 1945 het daar heelwat ontwikkeling op die kerklike terrein plaasgevind, maar daar is egter gedurende hierdie tyd ook baie probleme ondervind. Van die belangrikste probleme wat gedurende hierdie tydperk ondervind is, kan soos volg vermeld word.

Die na-oorlogse jare was 'n tyd van ontwrigting. Mense wat deur die oorlog ontnugter is het dit vir die kerke moeilik gemaak om die geestesgesondheid van die gemeenskap op 'n hoë vlak te kon hou. Na die opheffing van die oorlogtydse brandstofbeperkings het dit gebeur dat die ontspanningsoorde op die dorp op Sondae druk besoek is. Dit het momentum aan die gees van losbandigheid, wat so dikwels na 'n oorlogsituasie onder die mense ontstaan het, gegee.[197]

---

192 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 23 February 1973: report.

193 *Vereeniging News*, 15 May 1945: report.

194 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 1 March 1968: report.

195 *Vereeniging News*, 29 August 1952: report.

196 Nederduitse Gereformeerde Kerk Vereeniging, Inligtingstuk: driekwarteeufees, 13-15 Maart 1987, p.14.

197 *Vereeniging News*, 22 August 1952: report.

In die swart gebiede en sendingvelde was die lidmate ook ontnugter en geskok. Enersyds deur die internering van Duitse sendelinge en andersyds deur die blote gedagte dat Christenvolke mekaar op skrikwekkende skaal uitgemoor het.[198]

Die samestelling van die arbeidsmag in Vereeniging as nywerheidstad is nie altyd positief vir kerklike-ontwikkeling nie. 'n Groot getal van die gesinne van Vereeniging is op een of ander manier by nywerhede betrokke, met gevolglike ongereelde werksure.[199] Die geestesgesondheid van die mense word deur skofwerk nadelig beïnvloed omdat die skofwerk geen vaste slaappatroon of etenstye toelaat nie.[200] Hierdie werkpatroon het veroorsaak dat daar nie meer 'n roetine in so 'n skofwerker se gesin se lewe is nie. Die gesin gaan byvoorbeeld nie meer as 'n eenheid kerk toe nie.[201] Hierdie toestand het mettertyd tot kerkloosheid gelei.

Gedurende die laaste dekade was kerkbywoning landswyd nie baie goed nie. 'n Oorsaak van hierdie swak kerkbywoning is moontlik ook deur die veranderings wat in die volkslewe plaasgevind het, veroorsaak. Die jongmense het na die stede getrek en van die tradisionele godsdiensbeoefening van die ouer geslag vervreemd geraak. In die Vereeniging-Vanderbijlpark-gebied was daar gedurende die tagtigerjare byvoorbeeld 9 000 jongmense tussen die ouderdomme van 17 en 20 jaar, van wie meer as 4 000 Afrikaanssprekend was en van wie minstens 1 200 losies nodig gehad net. Dit was die gemeentes se taak om 'n beskermende diens aan hierdie jongmense te lewer, ten einde verval en vereensaming ten gevolge van ongewenste losiesplekke te kon voorkom.[202]

Gedurende die laat tagtigerjare is ook gevind dat die Afrikaanssprekende se gebondenheid aan een van die drie Susterskerke aan die afneem is. Daar is heelwat kinders wat nie gedoop is nie. Die Nagmaal is nie goed bygewoon nie en huwelike is deur egskeiding en saamwonery verbreek. Die kinders se deelname aan kategese-onderrig het ook afgeneem.[203]

---

198 Nederduitse Gereformeerde Kerk Vereeniging, Inligtingstuk: driekwarteeufees, 13-15 Maart 1987, pp.20-25.

199 Nederduitsch Hervormde Kerk, ***Gemeente Vereeniging: 75ste herdenking***, pp.40-45.

200 Nederduitse Gereformeerde Kerk Vereeniging, Inligtingstuk: driekwarteeufees, 13-15 Maart 1987, pp.20-30.

201 H. Grobler, Onderhoud, 14 Februarie 1991.

202 Nederduitse Gereformeerde Kerk Vereeniging, Inligtingstuk: driekwarteeufees, 13-15 Maart 1987, pp.30-35.

203 Nederduitse Gereformeerde Kerk Vereeniging, Inligtingstuk: driekwarteeufees, 13-15 Maart 1987, p.46.

Gedurende hierdie tydperk het politieke omstandighede ook 'n invloed op verskillende kerke gehad. Kerke soos die Presbiteriaanse Kerk het verklaar dat die werking van die Heilige Gees aangetoon het dat God nie voorkeur aan spesifieke kerke en volke nie gegee het nie. Politieke verskille het ook spanning onder lidmate veroorsaak.[204] Daar is gevind dat die geestesgesondheid van die mense van Vereeniging deur depressiewe ekonomiese en onstuimige politieke omstandighede beïnvloed is.[205] Hierdie omstandighede het tot gevolg gehad dat daar minder kerkgeboue opgerig is. Die ekonomiese omstandighede het sedert 1983 'n aantal gemeentes genoodsaak om predikantsampte af te skaf.[206]

Naas hierdie negatiewe invloede het die volgende ontwikkelinge in hierdie tydperk plaasgevind. Groot getalle Afrikaners het na die verstedeliking tog positief by die kerklike aktiwiteite betrokke gebly. Die bogenoemde snelle toename in die getal gemeentes en nuwe kerkgeboue wat opgerig is, is immers sigbare getuienis van die ontwikkeling wat op kerklike terrein plaasgevind het.

As daar na 'n kerklike verbintenis in Vereeniging gekyk word val dit op dat die drie Afrikaanse Susterskerke 52,8% van die totale blanke bevolking se kerklike verbintenis verteenwoordig. Die verhouding tussen die drie Afrikaanse Susterskerke gedurende die sestigerjare was soos volg:

- Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het 71,8% van die getal lidmate verteenwoordig.

- Die Nederduitsch Hervormde Kerk het 20,0% van die getal lidmate verteenwoordig.

- Die Gereformeerde Kerk het 8,2% van die getal lidmate verteenwoordig.

In die veranderde omstandighede is daar in sommige gevalle selfs besluit dat geordende leraars, net soos die Apostel Paulus, ook 'n sekulêre betrekking kan beklee, om sy lewensonderhoud aan te vul. Gedurende April 1991 het die Nederduitse Gereformeerde Kerk, prof. Coenie Schoeman, as die eerste leraar van die kerk in 'n tentmakerbediening, in Risiville bevestig.[207]

---

204 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 21 September 1965: report.

205 Nederduitse Gereformeerde Kerk Vereeniging, Inligtingstuk: die gemeente Vereeniging, 1991, p.1.

206 Nederduitse Gereformeerde Kerk, Inligtingstuk: die ring van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Vereeniging, 1990, p.1.

207 Nederduitse Gereformeerde gemeente Risiville, Inligtingstuk, 1991, p.1.

Ten spyte van die bogenoemde negatiewe aspekte is daar ook gevind dat kerklike betrokkenheid verskerp het.[208] Hierdie proses is deur verskillende verenigings en kerklike organisasies ondersteun.[209] Benewens die onderskeie kerkgenootskappe, bestaan daar ook gepaardgaande kerkverenigings wat kerklike aktiwiteite in die algemeen ondersteun.[210]

Daar word byvoorbeeld hulp vir Teologiese Opleiding en losies in kerklike koshuise verskaf. Christelike lektuur word versprei. Deur evangelisasieprogramme word daar gestrewe om die godsdienstige peil van die huisgesin hoog te hou. Liefdadigheidsinrigtings soos die Instituut vir Blindes, die Leprose Gestig en kinderhuise word ook deur diakonale dienste ondersteun.[211] Daar word omgesien na die versorging van armes en heelwat donasies aan hospitale en ander goedgekeurde liefdadigheidsinrigtings of organisasies word ook geskenk. Kerklike dienste word ook onder meer by die volgende plekke gelewer: Catherine Robson Kinderhuis, die Waterkant Kampterrein, die Kerklike Maatskaplike Diens, en die ondersteuning van gemeentes in swart woonbuurtes.[212]

Daar word ook omgesien na gemeentelike belange en daar word met gemeenteblaaie en programme gehelp. Daar word gereeld vergaderings gehou.[213] Die lidmate word produktief besig gehou met gesellige byeenkomste, werkgeselskappe, funksies om fondse in te samel, funksies met opvoedkundige strekking, lesings en gemeente konserte.[214] Daar is ook gepoog om jongmense by gemeentelike aktiwiteite op 'n wye front deur middel van Jeugverenigings te betrek.[215]

In Vereeniging is daar tans baie kerklikeverenigings wat gemeentelike aktiwiteite ondersteun. Hulle dien die Afrikaanse- Engels-, Joodse- Griekse en swart gemeenskap van Vereeniging.

---

208 Gereformeerde Kerk Vereeniging, ***Gedenkboek: Gereformeerde Kerk Vereeniging, 1927-1967***, pp.50-80.

209 Gereformeerde Kerk Vereeniging, ***50-Jarige herdenking, 1927-1977***, pp.6,7.

210 Gereformeerde Kerk Vereeniging, ***Gedenkboek: Gereformeerde Kerk Vereeniging, 1927-1967***, pp.40-60.

211 Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging, Vereeniging, Konstitusie vir die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging.

212 Nederduitse Gereformeerde Kerk, Inligtingstuk: ring van Herman Steyn, p.1.

213 Gereformeerde Kerk Vereeniging, ***Gedenkboek: Gereformeerde Kerk Vereeniging, 1927-1967***, pp.40 e.vv.

214 Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging, Vereeniging, Liefdadigheidsinstellings {kontrole} ordonnansie, 1926.

215 Nederduitsch Hervormde Kerk, ***Gemeente Vereeniging: 75ste herdenking***, p.54.

## 12.5 GEVOLGTREKKING

Uit hierdie voorafgaande uiteensetting is dit duidelik dat sosio-maatskaplike sorg 'n uitgebreide en komplekse kultuurdiens is.

Die invloed van hierdie werk op die geestesgesondheid van die gemeenskap kan nouliks oorskat word. Hierdie dienswerk het meegehelp dat Vereeniging sy vele hoogtepunte kon bereik.

# SLOT

## *13.1 INDELING VAN DIE HOOFSTUKKE*

Hierdie verhaal is tematies ingedeel en die samestelling van elke hoofstuk is, waar moontlik, kronologies ingeklee. Hierdie indeling het 'n bepaalde ontwikkelingsvolgorde tot gevolg gehad. Dit het veroorsaak dat hierdie verhaal in vier dele uiteengeval het. Hoofstukke een tot vier vorm die agtergrondsgeskiedenis vir Vereeniging se ontwikkeling. Hoofstukke vyf en ses behandel die dorpstigting, dorpsontwikkeling en -bestuur. In hoofstukke sewe tot nege word die ekonomiese-ontwikkeling geskets. Hoofstukke tien tot twaalf bied 'n oorsig oor die kulturele-ontwikkeling van die gemeenskap. Die samehangende geheelbeeld van die verhaal wat in hierdie vier dele uiteenval, kan soos volg uiteengesit word.

**Deel een:** Hierdie hoofstukke bevat onontbeerlike agtergrondsgeskiedenis waarop die verhaal van Vereeniging berus. Die grense, ligging en natuurlike omgewing is in hoofstuk een beskryf. Uit hierdie landskapsgeskiedenis is dit duidelik dat die omgewing waarin Vereeniging geleë is van oudsher bestem was om te ontwikkel. In hoofstukke twee tot vier is gevind dat opeenvolgende vestigingsfases beskawingspeile nagelaat het wat elk 'n ryke kultuurverskeidenheid openbaar. Hierdie eerste vier hoofstukke vorm daarom die agtergrond waarteen die vestiging van die dorp Vereeniging gesien moet word.

**Deel twee:** In hierdie hoofstukke is die infrastruktuur wat deur die owerheidsliggame geskep is, bespreek. In hoofstuk vyf is die dorpstigting en die ontwikkeling van die dorpsgebiede beskryf. Uit die demografiese besonderhede wat in hierdie hoofstuk voorkom, kan 'n duidelike beeld oor die verstedelikingsproses en die samestelling van die gemeenskap gevorm word. Hoofstuk ses beskryf die ontwikkelingsfases van die plaaslike bestuurstelsel. In hierdie hoofstuk is die belangrike rol wat die plaaslike bestuur in die gemeenskap vervul, duidelik waarneembaar. Hierdie twee hoofstukke vorm die strukturele agtergrond waarteen die ontwikkelingsgeskiedenis van die gemeenskap gesien kan word.

**Deel drie:** In hierdie hoofstukke is die ekonomiese-ontwikkeling van Vereeniging volgens die verskillende sektore, oorsigtelik bespreek. Hoofstuk sewe handel oor die primêre sektor. Die gebied se landelike karakter is na die ontdekking van steenkool deur die steenkoolmyne verander. Op die plaasgronde het mynskagte en kragstasies verskyn wat nie net die horison van die gebied verander het nie, maar ook 'n snelle industrialiseringsproses tot gevolg gehad het. In hoofstuk agt is die sekondêre sektor bespreek. Uit hierdie hoofstuk is dit duidelik waarom Vereeniging veral op nywerheidsgebied bekendheid verwerf het. Hierdie ontwikkeling het veroorsaak dat Vereeniging sy landelike karakter finaal afgeskud het. In

hoofstuk nege is die tersiêre sektor se bydrae as ondersteunende sektor behandel. Die onontbeerlikheid van hierdie sektor vir die ekonomiese-ontwikkeling van die streek kom duidelik in hierdie hoofstuk na vore.

**Deel vier:** In hierdie hoofstukke is die kulturele-ontwikkeling van die gemeenskap in verskillende dimensies oorsigtelik beskryf. Die kultuurorganisering wat in hoofstuk tien beskryf is bied die verrassende visie dat daar in 'n gemeenskap met 'n sterk nywerheidskultuur, ook kultuurvorme soos sang, musiek, toneel en ander aktiwiteite sedert die vroegste jare oor 'n wye front georganiseer word. In hoofstuk elf is die rol van sommige diensorganisasies bespreek, wat die waarde van diensorganisasies in die ontwikkeling van 'n gemeenskap benadruk. In hoofstuk twaalf is die sosio-maatskaplike sorg van die gemeenskap aan die orde gestel. Die belangrike rol van die gesondheidsdienste, welsynsorganisasies en kerkgenootskappe, as voorbeelde van sosio-maatskaplike instellings, is uit hierdie uiteensetting waarneembaar. Hierdie drie hoofstukke vorm inderdaad die gom wat 'n gemeenskap saambind. Dit bied ook die professionele ondersteuning wat die kerngesonde ontwikkeling van die gemeenskap tot gevolg het.

## *13.2 ONTWIKKELINGSFASES*

Naas hierdie indeling van die geskiedenis van Vereeniging is dit ook belangrik om daarop te let dat daar ook duidelike ontwikkelingsfases waarneembaar is. Soos in hoofstuk 12 gestel, het die ekonomiese omstandighede 'n belangrike invloed op die ontwikkeling en vorming van die gemeenskap van Vereeniging gehad.[1] Hierdie ontwikkelingsfases is breedweg soos volg onderskei:

- Die eerste fase het tydens die beslaggewing van Vereeniging plaasgevind.[2] Gedurende hierdie tydperk het Vereeniging se gemeenskap vanaf 'n landbou- en mynbou- na 'n nywerheidskultuur ontwikkel. Dit word ook die industrialiseringsproses genoem.[3] Gedurende hierdie fase het die oorheersende ekonomiese bedryf, naamlik die staalbedryf, 'n nywerheidskultuur in Vereeniging tot gevolg gehad.[4] Hierdie nywerheidskultuur het veroorsaak dat verskillende

---

1 Vgl. C.H. Boshoff, ***Die streeksinkome van die Vaalriv'eropvanggebied volgens landdrosdistriksbasis*** ..., pp.1-155; P.W. Stoker & C.J. Taljaard (samestellers), ***'n Nywerheidsperspektief*** ..., pp.160-167; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 2 May 1969: report.

2 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 27 November 1981: report.

3 I.J. Botha, ***'n Ekonometriese model vir die PWV-gebied***, pp.1-78.

4 F.P. Jacobsz, "Suid-Afrika se staalbedryf in oënskou: groot konsentrasie van nywerhede ...," pp.17-21.

bevolkingsgroepe met 'n ryke kultuurverskeidenheid in Vereeniging gevestig is. Die rede hiervoor is dat nywerheidswerkers, geskool en halfgeskool, van oor die hele land en selfs van oorsee na Vereeniging gelok is.[5] Dit was mense met verskillende kultuuragtergronde wat op verskillende vlakke van ekonomiese-ontwikkeling verkeer het.[6]

- Die volgende ontwikkelingsfase was die fase na afloop van die Tweede Wêreldoorlog. Gedurende hierdie na-oorlogse fase is die industrialiseringsproses in Vereeniging voltrek.[7] Duisende nuwe werksgeleenthede is in die snelgroeiende nywerhede geskep en die aandag van buitelandse nyweraars is op die ontwikkelingsmoontlikhede in Suid-Afrika gevestig.[8] Gedurende hierdie fase het die vooruitstrewende ekonomiese-ontwikkeling 'n groot bydrae gemaak om die meeste mense in staat te stel om hul lewenstandaard en gevolglik hul kultuurvlak te verhoog.

- Gedurende die derde fase, naamlik die tagtigerjare, het die nywerheidsontwikkeling deur 'n periode van stagnasie, agteruitgang, ongekende verandering en aanpassing gegaan.[9] Hierdie fase het ook die aanverwante nywerhede en handelsondernemings negatief geraak.[10] Gedurende hierdie fase het die swak ekonomiese toestande tesame met die onrustige tydperk van politieke konflik 'n belangrike invloed op die kultuursituasie van Vereeniging gehad.[11] Die lewenstyl van die gemeenskap van Vereeniging is noodwendig deur hierdie omstandighede geraak. Heelwat mense het gepoog om by die nuwe omstandighede aan te pas.[12] Ander het verandering probeer vermy.[13] Die swak prestasie van die nywerheid- en handelsektore, die hoë

---

5 Anon., "How immigration can develop industry ...", pp.42-45; ***Vereeniging News***, 19 October 1945: report.

6 Anon., "Die Vaaldriehoek", pp.14-21.

7 A.J.G. Oosthuizen, ***'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal*** ..., p.134.

8 H.J. van Eck, "Nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika", pp.102-114.

9 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 27 October 1967: report; A. Nieuwoudt, ***Die Vaaldriehoek as verspreide*** ..., pp.160-166.

10 Vgl. Suid-Afrika Stigting, ***Beknopte feitebron*** ..., pp.43,44.

11 C.V. Mutwa, ***Let not my country die***, p.194.

12 P.W. Stoker & C.J. Taljaard (samestellers), ***'n Nywerheidsperspektief*** ..., pp.1-20.

13 R. Tomlinson & M. Addleson, ***Regional restructuring under apartheid*** ..., p.301.

vlak van werkloosheid, die druk op persoonlike finansies, die hoë vlak van misdaad, en die onsekerheid wat deur die politieke oorgangsproses veroorsaak word, is sommige van die faktore wat tans die kultuursituasie in Vereeniging beïnvloed.

Uit hierdie omstandighede is dit duidelik dat die gemeenskap van Vereeniging voor 'n nuwe ontwikkelingsfase te staan gekom het.

## *13.3 SLOTSOM*

In hierdie verhaal kom daar hoogtepunte voor wat deur suksesvolle inisiatiewe voorafgegaan is, maar daar is ook laagtepunte beskryf wat deur planne wat misluk het veroorsaak is. Die geskiedenis van Vereeniging is 'n verhaal van volgehoue entrepreneursvernuf. Dit het tot 'n beskawingspeil gelei wat nie net vir die inwoners van die stad Vereeniging voordelig is nie, maar wat in streeksverband 'n onontbeerlike rol vervul.

In hierdie opsig is dit verblydend dat dieselfde entrepreneursvernuf wat die dorp se ontwikkeling kenmerk steeds die rigtinggewende inisiatief is waarmee die bogenoemde nuwe ontwikkelingsfase tegemoetgegaan word. Die begrotingsrede van raadsheer, dr. M.L. Milani, weerspieël hierdie ingesteldheid waarmee die gemeenskap die komende jaar tegemoetgaan:

> "As one looks back on this term-of-office, of this last year, it is my opinion that the reasonable ratepayer should be well satisfied with the progress relative to cost of this Council. Given the financial constraints of our times, the flight of capital and lack of investment, no other town in our area can match our achievements over this period. Projects such as Vaal Teknorama, the F.W. de Klerk Presidential Museum, Taxido Junction, Mario Milani Drive, magistrates Court, Centenary Plaza, Aerovaal, Formula 1 Hotel, Indoor sports centre, etc., etc., etc., don't just happen, they are the result of vision and hard work. When one looks at all the regional functions we provide for other residents to enjoy, we are truly a city to be proud of. How strange then the continuing saga of letter writers denigrating Councillors or the Council. Councillors who had the courage to be the first to open up its facilities, the first to allow a protest march through the City, the first to establish its own forum, first to serve on the Vaal Forum, the first to have the moral conviction that the City Council should be open to all its residents, irrespective of race.

As we enter the new South Africa, and as a new Metropolitan Local Government for this area seems likely, Vereeniging as the biggest City, with the most assets, will be eyed with jealousy. To protect these assets and safeguard our standards, you will need Councillors of courage, initiative and vision - for anyone can be a party pawn, but to build a community is another kettle of fish."[14]

---

14 Stadsraad van Vereeniging, Begroting van inkomste en uitgawe vir die jaar eindigende 30 Junie 1994 {begrotingsrede deur die voorsitter van die Bestuurskomitee, raadsheer M.L. Milani}, 27 Mei 1993, p.12.